Adventist Frontier Missions
Suid-Afrika nuusbrief

www.afmonline.org
034 218 2055



Ons eerste nuusbrief!

Dit is vir ons 'n voorreg om Adventist Frontier Missions Suid-Afrika Trust, of AFM-SAT vir kort, se eerste amptelike nuusbrief met u te deel. Ek glo dit sal ook gepas wees om op hierdie stadium vir u 'n bietjie agtergrond te gee rondom AFM-SAT.

Adventist Frontier Missions ("AFM") is in 1985 in die Verenigde State van Amerika gestig en in 1987 is die eerste sendeling familie, die Scalzi gesin, uitgestuur om 'n kerk te plant in die Fillipyne. Ses jaar later was die projek voltooi en het die Scalzi gesin "totsiens" gesê aan 'n goed gevestigde kerk met meer as 'n honderd gedoopte lede asook 'n klompie kleiner groepies. Die kerk het aangehou groei na die Schalzi gesin weg is en binne die tydperk van ongeveer twee jaar het die lidmaadskap verdubbel.

Sedertdien het daar al baie mense by AFM aangesluit as sendelinge en daar is al meer as 70 kerke geplant in meer as 20 lande. AFM wou graag die pas versnel en 'n paar jaar gelede is daar fondse geskenk spesifiek met die doel om 'n AFM kantoor buite die VSA te stig met die hoop om sodoende in die toekoms die werk van AFM verder uit te brei. En dit is hoe AFM SAT tot stand gekom het.

AFM SAT is nou al amper drie jaar lank aan die gang en ons eerste kort-termyn sendelinge het alreeds teruggekeer van die sendingveld af. En AFM-SAT se eerste loopbaan sendelinge, Deon en René Theunissen, is tans besig om opleiding te ondergaan voordat hulle na die sendingveld vertrek om 'n nuwe projek te loods.

Die Here Jesus het in Lukas 10:2 gesê: "Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes dat Hy arbeiders in sy oes uitstuur." En die Here se opdrag in Mattheus 28:19 is duidelik: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het."

Ons wil van hierdie geleentheid gebruik maak om u uit te nooi om betrokke te raak by AFM-SAT in die volvoering van Jesus se opdrag. U kan op een of meer van die volgende maniere betrokke raak:

- deur 'n AFM sendeling te word en die Ewige Evangelie aan 'n verloregaande wêreld te neem;
- deur een of meer van AFM se sendelinge finansieël te ondersteun;
- deur vir AFM se sendelinge en projekte te bid;

Ons Missie

AFM se missie is om inheemse Sewendedag Adventiste kerkplantbewegings te stig onder onbereikte bevolkingsgroepe.

Ons Visie

Om die onbereiktes gedurende hierdie generasie te bereik.

Die Behoefte

Ons enigste doel is om die koms van Jesus te bespoedig deur aan onbereikte mense die geleentheid te bied om Jesus te leer ken en Sy dissipels te word. Ons is die enigste Sewendedag Adventiste bediening wat uitsluitlik op die onbereiktes gefokus is. Die Here se instruksies is duidelik: Sy volk moet die ewige Evangelie verkondig aan elke nasie, stam, taal en volk (Openbaring 14:6). En dan sal die einde kom.

- Daar is ongeveer 7,000 onbereikte bevolkingsgroepe wat meer as 2 miljard mense verteenwoordig.
- Uit elke 1,000 evangelie werkers wêreldwyd, werk slegs 14 onder die onbereiktes.
- Uit elke R1,000 wat wêreldwyd vir die Christelike bediening gegee word, word minder as 10c gebruik om die onbereiktes te help.

Die vraag is: Is die huidige stand van sake aanvaarbaar? Die antwoord 'n onomwonde "Nee!". Duisende mense vir wie Christus Sy lewe afgelê het sterf daagliks sonder dat hulle ooit die geleentheid gehad het om van Christus en die verlossing wat Hy aan die mensdom bied te gehoor het. Die onbereiktes wag op iemand om vir hulle te vertel.

Wie is die onbereiktes? Hulle is bevolkingsgroepe, gewoonlik geïsoleer deur die hindernisse van geografie, taal en vooroordeel, wat geen toegang tot die Evangelie-waarhede het nie omdat daar nie 'n lewensvatbare teenwoordigheid van Christene onder hulle is nie.

Ons Unieke Benadering

AFM werk onder onbereikte bevolkingsgroepe waar daar geen Adventiste teenwoordigheid is nie. Sodra 'n soliede fondasie gelê is begin ons sendelinge dissipels maak en dan leer hulle die nuwe gelowiges om die werk self vorentoe te vat.

Hierdie evangelisasie model bemagtig nie net die lokale gelowiges nie, maar dit stel die Sewendedag Adventiste kerk ook in staat om te groei en uit te brei in gebiede wat voorheen nog nie binnegedring was nie. Baie van die gebiede waar AFM werksaam is, is vir sosiale, politiese en etniese redes hoogs bestand teen die Adventiste kerk. AFM se unieke kruis-kulturele benadering om onbereikte bevolkingsgroepe te evangeliseer breek hierdie hindernisse af en maak eksponensiële groei moontlik. Wanneer 'n AFM projek afgehandel is word die kerke oorhandig aan die leierskap van die Sewendedag Adventiste kerk.

Sendeling fokus:

www.afmonline.org
034 218 2055

Maryke Reynhardt was een van AFM Suid-Afrika se eerste sendelinge.

Maryke is 'n AFM-SAT kort-termyn sendeling sedert 2014. Sy bedien die Pnong mense van Kambodja as 'n Engelse onderwyseres saam met die Greenfield gesin.

Pnong - Kambodja - FASE: evangelisasie

Meer oor Maryke

My naam is Maryke Reynhardt. Ek is 22 jaar oud, en het grootgeword in Bloemfontein. In 2012 het ek my hart vir die Here gegee nadat ek die Adventiste-waarheid ontdek het. Die jaar daarna was ek in Abundant Life waar ek baie geleer en geestelik gegroei het.

In 2014 het ek as sendeling uitgegaan na Kambodja, waar ek vir 'n jaar lank gedien het as 'n Engelse onderwyseres by AFM se projek. In hierdie tyd het ek die die Khmer en Bunong mense se taal geleer en verhoudings met hulle gebou. Ek is nou vir drie maande terug in Suid-Afrika en ek hoop en beplan om in September weer terug te gaan om vir nog 'n jaar in Kambodja te dien. Ek glo ook dat ek meer sal kan bereik in hierdie tweede termyn aangesien ek nou reeds die tale ken en verhoudings met die mense gebou het.

Ek lewe om saadjies te plant en vir mense die hoop te gee dat daar 'n Skepper is wat omgee en hulle belange op die hart dra. Uit myself kan ek dit nie alleen doen nie, daarom sal ek u gebed en ondersteuning waardeer. Daar is vir my niks belangriker as die werk van God nie, en Adventist Frontier Missions het dit vir my moontlik gemaak.

Nie almal kan uitgaan en gaan dien in vreemde lande nie, maar almal kan 'n bydrae lewer, hetsy finansieël, deur gebed of ander vorme van ondersteuning. Ek is baie dankbaar vir almal wat saam met my op reis gegaan het deur my te ondersteun en sien uit om nog meer van julle as deel van my span ondersteuners te hê in die jaar wat voorlê. Baie dankie.

Adventist Frontier Missions

www.afmonline.org

034 218 2055